

Geliefde Lourensrivierder

Die afgelope tyd het ek net weereens besef hoe sosiale media 'n negatiewe of positiewe invloed op óns en die wêreld daarbuite kan hê en hoe mens so maklik alles glo wat aangestuur word en dit self ook aanstuur. Boodskappe word sommer net dadelik as waarheid gesien en word soos 'n veldbrand versprei. Daar word nie moeite gedoen om die bron te toets, die anderkant van die storie te soek of om te dink aan die partye wat betrokke is nie. Ons word so maklik deel van negatiewe, onmin saadjies wat gesaai word. Ons voel ons het die reg om dit te doen, want dit is vir die regte redes... "ons staan op" vir die "saak" en vergeet dat die wêreld ons as Christene dophou...

Dit skakel so mooi in by ons Fokusteks van die week (meer oor die teks onderaan die Krummels)...

Ek wil graag die teksgedeelte met jou deel: Luk 18:9-14

**"Met die oog op mense wat seker was dat hulle eie saak met God reg is en wat op ander neergesien het, het Jesus hierdie gelykenis vertel:** "Twee mense het na die tempel toe gegaan om te bid. Die een was 'n Fariseër en die ander een 'n tollenaar. Die Fariseër het gaan staan en by homself so gebid: 'O God, ek dank U dat ek nie soos ander mense is nie: diewe, bedrieërs, egbrekers, en ook nie soos hierdie tollenaar nie. Ek vas twee keer in die week en ek gee 'n tiende van my hele inkomste.'

"Maar die tollenaar het daar ver bly staan en wou selfs nie na die hemel opkyk nie. Hy het bedroef op sy bors geslaan en gesê: 'O God, wees my, sondaar, genadig.'

"Ek sê vir julle: **Hierdie man, en nie die ander een nie, het huis toe gegaan as iemand wie se saak met God reg is.**

Elkeen wat hoogmoedig is, sal verneder word; en hy wat nederig is, sal verhoog word."

Dit laat my sommer weer aan hierdie aanhaling dink van Brennan Manning:



The greatest single cause of atheism in the world today is Christians, who acknowledge Jesus with their lips and walk out the door, and deny Him by their lifestyle. That is what an unbelieving world simply finds unbelievable.

— Brennan Manning —

AZ QUOTES

**NUUSKRUMMELS: 24 Oktober 2019**

**NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:**



**DINAMIET KIEDZ**

**As gevolg van Feesmark in die saal, sal kinders die volgende 2 Sondae (27 Okt en 3 Nov) in die konsistorie bymekaar kom.**

**Lourensrivier Strand**

**FEESMARK**

**h/v Broadway, Da Gama & Jenningsstraat, Strand**

**25 Oktober - 9 November**

**Weeksdae | 09h00 - 19h00 Saterdag | 09h00 - 17h00**

**Kredietkaart fasiliteite beskikbaar.  
TOEGANG IS ABSOLUUT GRATIS!**

**NAVRAE | 021 853 5991**

VRY, 25 OKT ~ OSSO BUCO & RYS  
 SAT, 26 OKT ~ OONDHOENDER, RYS, ERTJIES/WORTELS  
 MA, 28 OKT ~ HERDERSPASTEI & RYS  
 DI, 29 OKT ~ SPAGHETTI BOLOGNESE  
 WO, 30 OKT ~ CHICKEN À LA KING  
 DO, 31 OKT ~ FRIKKADELLE, MASH, SOETPAMPOEN  
 VRY, 01 NOV ~ BEEF STROGANOFF & RYS  
 SAT, 02 NOV ~ KAAS & KOUEVLEIS SNACK PLATTER  
 MA, 04 NOV ~ PIZZA (25CM) ~ HAM & KAAS/SALAMI & KAAS  
 DI, 05 NOV ~ HOENDERSCHNITZEL, CHEDDERMELTSOUS, MASH, SOETPATAT  
 WO, 06 NOV ~ PREGO STEAK BURGER & CHIPS  
 DO, 07 NOV ~ BUTTER CHICKEN, JASMINE RYS & ROTI  
 VRY, 08 NOV ~ BEEF NACHOS, GUACAMOLE, SUURROOM & SALSA VERDE  
 SAT, 09 NOV ~ KAAS & KOUEVLEIS SNACK PLATTER

**Etes van die dag**  
 30 porsies per dag  
 Bestellings:  
 021 853 5991

Alternatiewe geregte op spyskaart in Feeskafee

Let's enjoy delicious food and amazing company!!

25 October - 9 November  
 09h00 - 19h00  
 Sat, 09h00 - 17h00

Lourensrivier Feesmark  
 C/o Broadway & Da Gama  
 See you there!! 🎵

Ons Feeskafee sal elke dag 'n heerlike ete van die dag hê teen R60

Daar sal ook ander smullekker eetgoed gedurende die week wees.

Volledige spyskaart in Feeskafee beskikbaar.

### LIEFDADIGHEIDSPROJEK:

Die Buurtwag is saam met Stad Kaapstad besig met 'n program om werkloos te probeer help om werk te kry. Een van die inisiatiewe is om informele parkeer-assistente met meer 'formele' assistente te vervang. Hulle word deur die Buurtwag en Stad Kaapstad geëvalueer, geregistreer en gemonitor. Daar sal Sondag oggende by die kerke van die mense geplaas word.

Hulle is tans van die bestes in die poel en is regtig net mense wat 'n tweede kans soek. Meeste is die enigste broodwinner in 'n familie.

Hulle kan uitgeken word aan hul **pienk buurtwag onderbaadjies** wat hul dra. Geen ander persoon mag asb. ondersteun word nie. Dit geld ook vir al die parkeer-assistente in die dorp.

Daar word elke Dinsdagaand met hul vergader, opleiding gegee, asook terugvoer van hulle en die gemeenskap bespreek. Hul kry dan ook 'n kort geestelike boodskap.

Ondersteun asseblief hierdie inisiatief eerder as om geld te gee vir mense wat by verkeersligte staan en bedel. Ondersteun en motiveer ook asb. hierdie mense met 'n mooi, positiewe gesindheid.

Navrae:

### **NUUS UIT DIE GEMEENSKAP**

#### **VAKANTE POS:**

Ons soek iemand vir 'n admin pos. Die persoon moet onder druk kan werk. Sy sal verantwoordelik wees vir voorraad (kontrole op Excel, uitboek, bestel en inboek van voorraad).

Sy moet vinnig kan leer. Dit sluit ook in verslae, Quickbooks, koffie maak, skottelgoed was, telefoon antwoord en nog meer.

Stuur asseblief CV na [info@proplumb.co.za](mailto:info@proplumb.co.za).

Mari van der Watt (Admin)

021 856 1100 / 021 856 4675

# HUIS PAM BRINK / ESPERANZA

Versorgingsdiens vir Ouer Persone

Huis PAM Brink  
Myburghstraat 16  
STRAND 7140

Telefoon (021) 8544579  
Faks (021) 8544770



'ONS VERSORG MET LIEFDE EN DEERNIS'

Huis Esperanza  
Donaldsonstraat 11  
STRAND 7140

Telefoon (021) 8547393  
Faks (021) 8548240

E-pos: [esperanza.admin@gmail.com](mailto:esperanza.admin@gmail.com)

Geregistreeerde Organisasie Sonder Winsoogmerk ( Registrasie nr 011-891)

Belangrikste datums van 2020

6 Junie : Basaar Huis PAM Brink  
24 Julie : Snoekbraai Huis Esperanza  
29 Augustus : Basaar Huis Esperanza

Riana Mulder (Sen Sekretaresse: Huis Esperanza)  
Tel: 021 854 7393 of [esperanza.admin@gmail.com](mailto:esperanza.admin@gmail.com)



## KNIEWERK:

- ✝ Gerda de Villiers herstel tuis na operasie
- ✝ Paul Louw kry steeds kankerbehandeling
- ✝ Christene van Minnen herstel na operasie

## FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK SONDAG, 27 OKTOBER SE BOODSKAP: LUK 18:9-14 (20STE WEEK IN KONINKRYKSTYD)

Jesus het pas tevore die dissipels geleer om volhardend te bid vir die koms van die koninkryk (ons het verlede week hierby stilgestaan). In hierdie week se gelykenis stel Hy die vereistes vir toegang tot die koninkryk van God.

Daar is twee karakters, twee gebede en twee uitkomst. In die teks kom twee verskillende mense by die tempel aan om te bid. Hulle kom uit verskillende agtergronde. Wat is die uitkoms van die twee gebede?

- Die Fariseër het met niks van die tempel af teruggekeer, sy selfgemaakte goeie hoedanighede ten spyt.
- Die tollenaar word deur God onskuldig verklaar en sy sondes vergewe. Hy het verantwoordelikheid geneem vir sy sonde toestand. Hy ontvang God se genade deur Jesus Christus. Sy straf word oorgedra na Jesus Christus, wat sy sonde dra, en wat deur die Fariseërs verwerp is.

Die Fariseër het klaarblyklik nie opreg behoefte gehad om God se genade te soek nie. Hy was in sy eie oë reeds deur sy eie "onkreukbare" optrede geregverdig. In terme van sy uitleg en toepassing van die wet doen hy alles reg. **Hy praat wel met God, maar nie omdat hy God nodig het nie.** Hy is eerder

selfgenoegsaam dankbaar dat hy so 'n goeie mens is, sonder sonde. Die Fariseër se gebed tot God is uiteindelik 'n gebed om homself aan te prys en teenoor ander te verhef. Hy het nie God se genade ook nog nodig nie.

In "die ander hoek" vind ons die tollenaar wat besef hy is 'n sondaar. Die tollenaar besef hy is in die moeilikheid en sy diepste nood is om by die Here uit te kom. Die besef van sy nood wek die erkenning van sy skuld en 'n diep verlange om deur God aanvaar te word. Die ellendige tollenaar werp hom as 't ware neer voor God. Hy bly op 'n afstand omdat hy nie waardig voel nie. Hy het niks om op trots te wees of vir God aan te bied nie. Hy staan eenkant as sosiaal uitgeworpene en bring so sy korrumperte lewe na God toe. Hy pleit om vergiffenis sodat hy 'n nuwe lewe kan begin. Die gelykenis van die Fariseër en tollenaar is by uitnemendheid 'n

voorbeeld van God se vrye genade vir sondaarmense. Die ontvangs van God se genade bestaan daarin dat die sondaar besef hy/sy staan soos 'n bedelaar (tollenaar) bakhand voor God. Die enigste moontlike handeling van die mens se kant is om jou skuld te erken en dit voor God te bely.



Jackie@Lourensriver

**OORGEE, OMGEE, AANGEE**